INSTALLATION*MAINTENANCE*REPAIRS

CELL: 082 8964381
TEL: (023) 2310281
FAX: (023) 2311844

P O BOX 29
WOLSELEY 6830
E-MAIL: aquality@telkomsa.net

Inleiding en Verduideliking van die prosedure van Versekeringseise vir Gebarste Pype en Warmwatersilinders

Beste Kliënt,

Neem asb. ‘n paar minute om hierdie brief deur te lees solank ons loodgieters besig is om die werksopdrag van u of u versekeringsmaatskappy uit te voer.
Ons is Aquality Plumbing Works – Wolseley.
Ons lewer al vir die afgelope 11 jaar loodgietersdienste en is ‘n geakkrediteerde diensverskaffer van die meeste versekeringsmaatskappye in Suid-Afrika, insluitende joune. Ons is ‘n geregistreerde loodgietersmaatskappy en is lid van IOPSA en ook BEE toegewend (vlak 4 gradering).

U of u versekeringsmaatskappy het ons opdrag gegee om die volgende werk te verrig,_____by bogenoemde adres waar die moontlike eis deel uitmaak van die omvattende dekking uiteengesit in u polis.
Alle herstelwerk word volgens die versekering se spesifikasies gedoen en vervangbare items word vervang deur gespesifiseerde produkte, goedgekeur deur die SABS.
As u versekering nie ons rekening binne 30dae betaal nie, is u verandvoordelik om die volle bedrag aan ons te betaal binne daardie tydperk. Die onus berus op u om navraag te doen oor die vereffening van die rekening. Rente sal gehef word op enige agterstallige bedrag.

Vervangbare items
In die geval van ‘n warmwatersilinder vervanging sal die volgende vervang word, indien nodig:
nuwe warwatersilinder (indien nodig), nuwe drukkontrole klep insl. twee vakuum ontlaskleppe, indien nodig maksimum 1m pyp by die inlaat en uitlaat van die warmwatersilinder, plus twee of drie oorlooppype, afhangende van die fabrikaat van

die warmwatersilinder en indien prakties moontlik, moet hierdie pype na die buitekant van die gebou uitsteek en moet volgens die wet duidelik sigbaar wees.

Stel asb. ons tegnikuste in kennis waar die geyser en pype aangebring moet word. Indien nie, word hul eie diskressie gebruik en sal daar geen verstellings na voltooiing van die werk, aangebring word nie.

Alle installasies word streng volgens die voorwaardes van die SABS 10254 Kode van praktyk gedoen.

Alle materiaal wat deur ons geïnstalleer word beskik oor ‘n standaard waarborg wat wissel van 1 tot 6 jaar behou deur die vervaardigers van die produkte. Hul kontakbesonderhede en waarborg-uiteensettings word in hul brosjures beskryf. Indien beskikbaar sal die tegnikuste dit aan u oorhandig.

Neem asb. kennis dat ons geen verantwoordelikheid neem vir enige foute wat van hierdie produkte mag ontstaan nie, behalwe as daar ‘n probleem ondervind word met foutiewe vakmanskap sal ‘n drie maande waarborg vir die werk gedoen, gegee word.

Ons sal u ook bystaan om enige waarborg eise te fasiliteer aangesien ons die diensverskaffers is van die meeste van die vervangingsparte en sal enige terugvoering op die oorspronklike werk gedoen, waardeer.
Ons is ook bereid om u by te staan met probleme wat soms ontstaan wat nie deel uitmaak van ons waarborg nie – probleme soos:

Kragbordskakelaar “trip” – moontlike laer Amp. vlak as die van die warmwatersilinder.
Onvoldoende warm water druk – blokkasie in water lyn
Uitlaat van stoom of warm water by Veiligheidsklep – moontlik foutiewe termostaat of kontrole klep
Uitermate hoë lekkasie van Drukkontrole klep – (meer as 20lt / dag) – foutief of vuil
Geraas soos ‘n geklop van pype of vibrasies- pype wat los is, verweerde krane of balkleppe
Onvoldoende warm water / nie genoeg nie
Bestaande / ou pype wat lek– roes of verweer
Gekleurde warm water – lostrek van binnewand van warmwatersilinder
Lekkasie van nuwe warmwatersilinder
Aard lekkasie skakelaar “trip” – foutiewe warmwatersilinder bedrading of huisbedrading.

Alle ongebalanseerde warmwatersilinder installasies voldoen nie aan die SABS standaard nie, maar indien prakties moontlik en teen ‘n addisionele koste kan dit reggestel word. Ons tegnikuste sal u van ‘n kwotasie voorsien.

Ons as diensverskaffers is genoodsaak om soort met soort te vervang, of so na as moontlik, wat ook betrekking het op die tipe en drukvlak.
Ons kan egter ‘n opgradering doen indien u so verlang en met u versekeraar se toestemming, maar u word genoodsaak om ‘n vrywaring te teken om ons te vrywaar

van enige skade a.g.v die opgradering.
Ons kan ook die warmwatersilinder [uitsl. kragverlenging] na ‘n ander posisie skuif, indien dit prakties moontlik is en met die toestemming van u versekeraar en die munisipale regulasies, teen ‘n addissionele koste as dit nie deur u versekering gedek word nie. Hierdie rekening is dan betaalbaar deur u met afhandeling van die werk. In die geval van ‘n hangmuur warmwatersilinder wat losraak as gevolg van die mure wat voos is, aanvaar ons geen verantwoordelikheid vir enige skade nie.

Waarborg eis / uitroep prosedure
Indien u foutiewe vakmanskap ervaar tydens ‘n waarborg eis, sal ons so gou as moontlik gratis die herstelwerk doen.
Indien die waarborg eis nie deel is van ons waarborg of dié van die vervaardigers nie, is u verantwoordelik vir die uitroepfooi van R195 (uitsl. vervoer en BTW) tydens normale werksure en R295.00 (uitsl. vervoer en BTW) na-ure.

Elektriese Voldoening
Ons loodgieters mag die kragtoevoer na die warmwatersilinder ontkoppel en heropkoppel, solank daar nie fisiese tekens is van:

Skade aan die kabel
Elektrisie bedrading onvoldoende
Bedrading nie volgens standaard
‘n Gevaarlike installasie.

Die tegnikus mag nie enige elektriese apparate verleng, vervang of skuif nie; dit mag slegs deur ‘n geregistreerde en gekwalifiseerde elektrisiën gedoen word. Die koste daaraan verbonde moet met die versekeraar onderhandel word.

Volgens wet moet alle warmwatersilinders met ‘n isolator skakelaar, 1 meter vanaf die warmwatersilinder, toegerus word. Dit is nodig om ‘n Elektriese Sertifikaat van Voldoening te bekom wat nodig is vir die verkoop van ‘n gebou en vorm deel van die Okkupasie Gesondheid en Veiligheidswet van 1993.
Die eienaar word verantwoordelik gehou indien hierdie wet nie uitgevoer word nie. Ons is nie verantwoordelik vir die installasie van die isolator nie, aangesien ons slegs die warmwatersilinder en –toebehore vervang. Moenie huiwer om die tegnikus te vra of ons installasie ooreenstem met die nodige wette en regulasies.

Vir enige verdere vrae insake ons dienste, skakel ons gerus.
Hierna gelys is die naam van ons tegnikus en sy handtekening, installasiedatum en werkkaart nommer. Hierdie inligting is baie belangrik vir enige navrae rakende naverkoopdiens. Bewaar asb. hierdie skrywe, waarborg brosjures en kwitansie in ‘n veilige plek.

Teken asb. hierdie skrywe sodat ons kan seker wees dat u dit gelees en die inhoud daarvan verstaan het.

Datum: _____ Bestel nr: _____Eis nr: _____

Versekeringsmaatskappy: _____

Kliënt : _____

Adres : _____

Tel : _____Cell: _____

Bybetaling : _____

Ek,_____ die ondergetekende, aanvaar hiermee die prosedures en waarborge uiteengesit in hierdie skrywe en word na behore gemagtig om hierdie vrywaring te onderteken.
Addisionele opmerkings en notas:
_____

_____

_____

Datum:_____ I.D.Nr: _____

Handtekening:_____

INSTALLATION*MAINTENANCE*REPAIRS

CELL: 082 8964381
TEL: (023) 2310281
FAX: (023) 2311844

P O BOX 29
WOLSELEY 6830
E-MAIL: aquality@telkomsa.net

Werk wat voltooi is: _____

_____

_____

Naam van Tegnikus:_____

Werkkaart: _____

Handtekening van Tegnikus:_____ Datum: _____

Indien u ongelukkig is met ons werkstandaard, skakel ons gerus.